Notule van die 6de Algemene Jaarvergadering van SAJWV Houtkapper tak Secunda op 14 Augustus 2019 om 18:00 in ons Klubhuis op die Koos Kruger Skietbaan.

1. Oom Daan open met gebed en Arno heet almal welkom.

2. Arno lees vir ons die erekode voor en verduidelik die relevansie daarvan veral in die modern tye. Hy maan ook lede om sosiale media so min as moontlik en met verantwoordelikheid te gebruik wat jag aktiwiteite aanbetref.

3. Almal kan net na die vergadering op die tablet inteken by Pieter Langenhoven.

4. Tielman en Lisa Roux skiet Bisley SA's. Ruan Grobler en Pierre Krüger werk, Rohan Wiese speel krieket en Clara Smit Naude is siek.

5. Oom Dirk Badenhorst is verlede Saterdag oorlede.

6. Arno hou sy voorsittersverslag voor en wys dat daar wel groei in die tak is maar dat 'n hele klomp Baan Offisiere, Toegewyde Jagters en Toegewyde Sport Skuts nog nie aan die vereistes voldoen om hul status te behou nie. Daar is wel nog presies 3 skietdae oor vir lede om op datum te kan kom. Verslag is beskikbaar by Arno. Hy reken die lede kan trots wees op die Skietbaan en klubhuis en bedank oom Daan en al die ander rolspelers en hulp verleners.

7. Hendrik hou die laaste 3 maande se finansiële verslag voor wat hy van Thomas ontvang het. Thomas is ongelukkig nog by 'n vergadering in Johannesburg. Hendrik vra om verskoning, Thomas van Schalkwyk van TVS Ouditeure sal dit regmaak.

8. Die langbaan projek is aan die gang. Oom Daan en Wimpie is daarmee besig. Enige hulp sal waardeer word asseblief.

9. Posliga – Pieter Langenhoven vra dat lede wat posliga skiet duidelik foto's stuur en ook die foto's permanent berg. Baan Offisier wat teken se lid nommer moet ook op wees sowel as die lid wat geskiet het asb. Anders sal dit nie gelaai word nie.

10. Glen en Esme Grobler asook Frank Ferguson wil hê al die notules en besluite moet op die webtuiste geberg word en ook aangestuur word. Mark en Arno reken dit is onnodig en skep ekstra werk en dat die SAJWV se stelsel nie "attachments" toelaat nie. Frank meen hul praat twak en dat tegnologie nie so werk nie. Arno sê bestuur sal kyk hoe om nodige goed op web te plaas. Mark is steeds van mening dat sekere informasie nie op openbare platform hoort nie. Bestuur sal daarna kyk.

11. Oom Daan sit 'n klagte en gedagte boek in boks by baan.

12. Bestuur vir 2019/20 is as volg: (Slegs nominasies vir Voorsitter, sekretaris, opleiding en tesourier is ontvang.) Bestuur het ook besluit om komitee kleiner te maak en liewer ouens op kleiner sub groepe te kry wat besluite en uitvoering van take bespoedig en meer funksioneel is.

    - Voorsitter – Hendrik Byleveld
    - Ondervoorsitter – Arno Theron
    - Tesourier – Thomas van Schalkwyk
    - Sekretaris – Mark Kruger
    - Opleiding – Johan Janse van Vuuren
    - Skietkoördineerder – Pieter Langenhoven
    - Tak Administrateur – Pieter Hatting

    - Kommunikasie sal deur die Sekretaris behartig word en hy sal bygestaan word deur Ben de Lange (Webwerf en Whats App) en Chris Watson (FB en Taknuus).
    - Opleiding sal deur Johan Janse van Vuuren en Brian Nolan gedryf word totdat Brian verhuis.

- Pieter Langenhoven word bygestaan deur oom Daan (Teikens), Pieter Hattingh (Gras sny, Verversings en Inskrywings), Jules Martin en Pierre Krüger (Haelgeweer)

13. Arno sluit af.